

14 Augustus

Skrifgedeelte: Romeine 8:26-39

Fokusgedeelte: Romeine 8:26, 27

Help my, o Heilige Gees!

Om te erken dat jy hulp nodig het is nie maklik nie. Tog het ons almal swakhede. Ons het beperkings en daar is grense aan wat ons kan doen. Laat ons dit maar almal erken. My swakhede kan selfs so erg wees dat ek nie weet wat en hoe om te bid nie. Ek weet nie wat ek wil hê nie en nog minder wat God wil hê.

Die goeie nuus is dat daar hier by jou, nee in jou, die Gees van God woon en dat Hy hier is om jou te help. Hy klim saam met jou onder die las in en help jou dra. Hy gaan verder en neem jou versugting, wat jy nie kan uitspreek nie, en vertaal dit as 't ware in 'n Goddelike taal en bring dit na die oor van die Vader toe. Die Gees is soos 'n moeder, net in 'n groter mate, wat langs die bed van haar skreeuende klein kindjie sit en aan die dokter die geskreeu in menslike, verstaanbare taal probeer weergee. Omdat die Gees bid volgens die wil van die Vader, neem Hy die versugting verder tot in die hart van die Vader. Die Vader sal die gebed verhoor, omdat die Gees volgens sy wil bid.

Gebed neem egter nie ons verantwoordelikheid weg nie. Die Gees help net die gelowiges, die heiliges. Dit is hulle wat in 'n verhouding met die Vader lewe en ook tot die Vader bid en sug. Dit is hulle wat sug in opregte soeke na die wil van die Vader.

Help my, o Heilige Gees! Ek weet nie wat en hoe om te bid nie!

Sing: Psalm 61:1, 4

Ds. Fanie Coetzee (Potchefstroom-Noord)